

UIT DIE PEN VAN DIE CEO (20/20)

(Volg my op Twitter [justchad_cga](#))

Justin Chadwick 29 Mei 2020



“Everything is OK in the end. If it's not OK, then it's not the end” Anon

LESSE GEDURENDE INPERKING

Die CGA het 'n besluit geneem om te poog om die sitrusbedryf en die organisasie self, sterker uit die inperking te laat kom as toe dit begin het, en hier is 'n paar van die lesse wat geleer is:

Uithouvermoë: die vermoë om skokke te weerstaan en die sterkte van die bedryf te behou, ongeag die uitdaging. Deur die uitdagings die hoof te bied, hulle aan te pak, kragte saam te snoer met ander en die kommunikasielyne oop te hou, kan die bedryf voortleef met wat mag kom. Uitdagings in die verlede het die bedryf goed voorberei op huidige uitdagings - ons sal voortbou op wat ons geleer het tydens die pandemie om sterker bande / stelsels vir die toekoms te bou.

Tegnologie: Alhoewel ons Skype en ander maniere gebruik het wanneer dit regtig nodig was, het die verbod op beweging ons huise en kantore ons vergaderlokale gemaak. En dit het baie goed gewerk. Al daardie vroeë oggende, verkeersknope en “red-eye specials” was nie nodig nie; die werk kan deur middel van videokonferensies gedoen word. Die gebruik van e-fitos het in ses maande meer gevorder as in die afgelope ses jaar - en dit werk. Werksonderhoude is op rekenaars gevoer. Daar is 'n nuwe manier gevind om dinge te doen en ons sal nie teruggaan nie - dit bespaar tyd, geld en probleme.

Regeringsbetrokkings: Daar is niks soos 'n gemeenskaplike vyand om almal naby mekaar te bring nie. Tydens hierdie pandemie het ons verhoudings met die regering sterker geword, en ons het kommunikasie kanale geopen wat vinnige resultate opgelewer het. Hierdie **nuwe** verhouding sal nou in die toekoms gekoester word.

Belang van mense: Alhoewel **die mense** in die onderneming nog altyd as belangrik erken is, word dit nou as noodsaaklik beskou. In die **vrugtebedryf** word dit versterk deur die aantal mense wat in die verskaffingsketting betrokke is, en die beperkte geleenthede vir outomatisering. Dit swaai in beide rigtings - die bedryf het besef dat dit belangrik is om werkers **gesond** en sonder vrees te hou; die regering en werkers het besef dat die belang van werskeleenthede in die **versekering** van voedselsekureit bestaan - wat nie net afhang van die beskikbaarheid van voedsel nie, maar ook van die **middele** om voedsel te koop.

Intergekoppelde bedrywe: Inperking het ons geleer hoe inter-gekoppel alle ondernemings is, veral hoe inter - gekoppeld landbou is. So baie klein / medium ondernemings is afhanklik van 'n funksionerende landbousektor om te oorleef, van diegene wat goedere of dienste direk aan die landbou aanbied, tot diegene in plattelandse dorpe en gemeenskappe wie se kliënte op landbou staatmaak. Hierdie skakels het tydens die inperking versterk namate die onderlinge verwantskap duidelik geword het.

DIESEL

Daar is aangekondig dat daar binne die volgende twee tot drie weke 'n moontlikheid van 'n tekort aan diesel kan wees. As gevolg van die inperking kon raffinaderye nie werk nie en soos die ekonomie terugkeer met die inperking wat van vlak 4 na vlak 3 beweeg, word 'n groter aanvraag na diesel verwag. Paniek aankope kan die posisie ook vererger.

GEPAK EN VERSKEEP

Die Lemoen Fokusgroep het hierdie week vergader - nawels het hul voorspelling dieselfde gelaat, terwyl Valencias met 150 000 kartonne verhoog is. Die Suurlemoen Fokusgroep het ook vergader en hul voorspelling opwaarts aangepas.

Miljoen 15 Kg Kartonne tot einde Week 21	Gepak	Gepak	Gepak	Verskeep	Verskeep	Aanvanklike Skatting	Nuutste Voorspelling	Finaal Gepak
BRON: PPECB/AgriHub	2018	2019	2020	2019	2020	2020	2020	2019
Pomelo's	7.9 m	8.5 m	8.5 m	5.2 m	5.5 m	16.7 m	14.6 m	16.1 m
Sagte Sitrus	4.9 m	4.7 m	5.5 m	3.1 m	4 m	23.3 m	23.3 m	18.3 m
Suurlemoene	8.9 m	8 m	13.4 m	5.3 m	10.4 m	26.4 m	27.6 m	22.1 m
Nawels	4.3 m	3.2 m	3.8 m	0.9 m	1.5 m	26.5 m	26.5 m	24.3 m
Valencias	0.1 m	0.3 m	0.2 m	-	-	50.4 m	50.5 m	46.8 m
Totaal	26.1 m	24.7 m	31.5 m	14.5 m	21.4 m	143.3 m	142.5 m	127.5 m

CGA GROEP MAATSKAPPE (CRI, RIVIER BIOSCIENCE, XSIT, CGA CULTIVAR COMPANY, CGA GROWER DEVELOPMENT COMPANY & CITRUS ACADEMY) WORD DEUR SUIDER-AFRIKA SE SITRUSPRODUSENTE BEFONDS